http://ngtt.journals.ac.za



**Titel:** Die vrese van ons vaders

**Subtitel:** *Geloof, onderrig en die Afrikanerkind*

**Outeur:** H Pietersen

**Uitgewer:** Griffel Media, Kaapstad 2011

**Bladsye:** 442

Die boek fokus op die plek en rol van godsdiensonderrig in skole in die konteks van godsdiensvryheid as deel van 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika. Die skrywer betoog teen die behoefte van veral die wit Afrikaner om Christelike godsdiens te gebruik om hulle te onderskei en te isoleer van ander. Christelike godsdiens word dus gebruik om te diskrimineer teen ander wat anders glo of ongelowig is. In dié sin gaan dit dus nie soseer oor die Bybel nie, maar eerder oor die beskerming van godsdiens as magsbasis om die belange van die Afrikaner te beskerm as die sogenaamde uitverkore volk. Godsdiens in skole word dus as 'n politieke wapen gebruik in 'n demokratiese bestel, waar alle mense ongeag ras, klas en godsdiens, regte het wat erken en beskerm moet word. Hierdie poging word ten sterkte teengestaan aangesien dit veral onvanpas is binne 'n demokratiese regeringstelsel.

Nog 'n rede wat aangevoer word hoekom dit so belangrik is om Christelike onderrig in skole te hê, is dat kinders so vroeg as moontlik geïndoktrineer moet word anders gaan die dogma van die Christelike geloof nie oorleef nie. As gevolg van hierdie indoktrinasie word kinders verhinder om krities te dink en word hulle as oningeligtes beskryf.

Nog 'n fokus van die boek is die verhouding tussen wetenskap en geloof. Dogma in die Christelike geloof word as absurd, onlogies en sinneloos beskryf teenoor wetenskap wat oop is vir nuwe feite, ontdekkend omgaan met die werklikheid en altyd werk met die aanname dat kennis nooit voltooi is nie. In die Christelike dogma word onder andere verwys na die skeppping, die maagtelike geboorte, die sondeval, die nagmaal en die doop. Wetenskap word as ontologiese kennis beskryf en teologiese kennis daarteenoor as fundamentalisties en ongegrond. Ek reken die skrywer veralgemeen baie as dit kom by veral Christelike dogma en het hy nie moeite gedoen om enigiets sinvol daarin uit te wys nie. In dié verband doen hy moontlik waarteen hy self waarsku, naamlik om onverdraagsaam en disrespekvol teenoor enige godsdiens te wees – in hierdie geval die Christelike godsdiens.

Ek is nie altyd seker oor die verstaan en gebruik van konsepte soos byvoorbeeld geloof en godsdiens wat blyk as dieselfde verstaan en gebruik te word in die boek

nie. Daar word breedvoerig verduidelik wat met wetenskap bedoel word maar baie min oor wat die skrywer se verstaan van teologie is. Dat godsdiens vir baie hartseer in die werêld verantwoordelik was en nog steeds is, word ook goed aangetoon, maar weereens nie watter positiewe bydrae dit ook gemaak het en nog kan maak nie. In hierdie opsig meen ek is die boek eensydig. Dit is vir my baie interresant dat die skrywer, self ook 'n wit Afrikaner, so onverskrokke praat oor wit die Afrikaner.

**DR ANITA CLOETE**
**LEKTOR IN PRAKTIESE TEOLOGIE EN JEUGWERK IN DIE DISSIPLINEGROEP PRAKTIESE TEOLOGIE EN MISSIOLOGIE, FAKULTEIT TEOLOGIE, UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**
**ACLOETE@SUN.AC.ZA**